

30 November

Skrifgedeelte: Romeine 10:1-15
Fokusgedeelte: NGB, Art 31

Die bedienaars van die Woord

Is 'n dominee vandag nog 'n herder of net 'n skaaphond? Die gehardloop van dominees al om en om die kuddes, om al die skape mooitjies bymekaar te hou, die voortdurende vrees dat net een kan wegbreek, die alarmfluite, dan na links en dan na regs, die gejaag van punt tot punt om elke bedreiging af te weer, sal selfs die beste skaaphond tong-uit op sy neus laat kyk.

Vergeet ons nie die ware taak van die bedenaar van die Woord nie? 'n Dominee moet die goeie boodskap bring. Hy moet die goeie boodskap só kan bring dat mense uitsien na sy voetstappe (vers 15), uitsien na elke Sondag se erediens en preek. Met hierdie boodskap moet Hy, soos die herder van Bybelse tye, vóór stap, met God se beloftes as sy kompas. En dié wat volg, volg gewillig.

“Sê dit vir die dominees,” dink jy seker oor bostaande. Maar weet tog hoe 'n groot rol jy kan speel om van jou dominee weer 'n herder te maak! Gaan vat bietjie van die hondetake van sy skouers af, sodat hy herder kan wees! Wys met jou gedrag dat al die hondegevegte oor kleinlike bene nie regtig in God se kudde hoort nie. Wys met jou gebede en woorde dat jy die goeie boodskap wat hy bring as “lieflik”, as die heel belangrikste, beskou. Ten slotte, die heel beste motivering vir dominees om as herders te volhard, is om deel te wees van daardie skape wat ag gee op die Woord wat gebring is. GLO met die mond en BELY met die hart (vers 10).

Onthou tog: Jou dominee is nie van hier nie. Hy is GESTUUR (vers 15)! Bel hom sommer vandag om dit nog 'n slag vir hom te sê.

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)